CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken.

Jaargang XXXVI Nommer 17 28 Augustus 1981

# die WAPAD

ASPU

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

Bussie 13 Tel 25481 | Inligtingsburo 4267/8 | Studentesentrum 22112 x 570/1

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

## Hoogtepunte

**Maandag**

The Sound of Music 20h00 in Ouditorium.

**Dinsdag**

The Sound of Music 20h00 in Ouditorium.

**Woensdag**

The Sound of Music 20h00 in Ouditorium. Collegium Musicum-konsert 20h00 konservatorium.

**Donderdag**

Vrydagrooster (voltyds) word gevolg Florna-Rustenburg-Kloof.

**Vrydag**

Universiteisvakansiedag. Montium Drakensberge

**Fotobylaag binne**

## Volgende uitgawe

**Hierdie is die laaste uitgawe van die huidige redaksie.**

**Die volgende uitgawe word deur die nuwe redaksie behartig en verskyn op Vrydag 18 September.**

**Die nuwe redaksie word in die volgende twee weke aangestel. Alle studente is welkom om aansoek te doen — die aansoekvorm is op p5.**

## Massa in amfi

**'n Massavergadering word op Donderdag 27 Augustus om 20h00 in die Amfi-teater gehou. Indien dit reën, sal dit in die Totiussaal gehou word. Die PU-kaners sal ook by die geleentheid optree. Ná die vergadering sal die uitslag van die SSR-verkiesing bekend gemaak word.**

## Nuuswenke

**Algemene Nuus:** Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Koshuis/Sosiaal:** Zelda Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Sport:** Griet Gräbe.
**Kuns:** Johan Myburg, Tel 6668.
**Fotografie:** Lynn Pretorius, Tel 4278.

**Saktyd**
Maandag 13h00.

# Sportvrou raak bewusteloos tydens skuba

**TINA van der Merwe van Kasteel het haar bewussyn verloor tydens die Skuba-Intervarsity teen Kovsies.**

Volgens Sylvia Ferreira, sekretaresse van die skuba-klub, is daar eers onraad gemerk toe Tina die tweede keer opgekom het om asem te skep, wat teen die reëls van die spel is. Nadat sy die tweede keer verdwyn het, het haar boei op die water bly dryf. Paddamanne het haar onmiddellik gaan help en 'n ambulans is ontbied.

Hoewel mond-tot-mondasemhaling en hartmassering toegepas is, het haar hart in die hospitaal vir die eerste keer self geklop. Sy is later oorgeplaas na die Klerksdorpse hospitaal.

Volgens haar ouma, mev. Van der Merwe van Klerksdorp, is sy Maandag per helikopter na Pretoria oorgeplaas. Klinies gaan dit goed met haar, maar sy is nog in 'n koma en haal nog nie self asem nie.

Tina is volledig opgelei in skuba. Sy beoefen die sport al vir 'n jaar en het al baie praktiese ondervinding gehad. Die apparate was getoets en volgens Sylvia was dit nie die oorsaak van die ongeluk nie.



● *'n Nat intervarsity. . . Sien volledige uitslae op bladsy agt.*

# Verteenwoordiging op SR stel nie tevrede

— **Petro Malan** —

**DIE huidige verteenwoordiging op die SSR is ongebalanseerd en kan nie belangebehartigend wees nie. In 'n ondersoek wat Die Wapad gedoen het na die verteenwoordiging op die SSR blyk dit dat Koshuisraad se verteenwoordiging nie na wense is nie.**

Die studentelewe word op die oomblik verdeel in ses belangekringe wat gelyke verteenwoordiging op die SSR geniet. Uit elke kring, of raad (Akademiese raad, Korpsraad, Koshuisraad, Kultuurraad, Politiese Raad en Sportraad) word twee lede tot die SSR verkies. Uit die SSR-komitees (bv. Die Wapad, Karnaval, Radio Puk en Intervarsity) word 'n verdere drie lede verkies. Net die voorsitter en die adjunk-voorsitter word direk deur die massa verkies.

Koos Venter, SSR-kandidaat en huidige visevoorsitter van Korpsraad, sê die huidige verteenwoordiging van die twee SSR-lede per raad kom neer op 'n verteenwoordiging van omtrent 1500 studente deur tien SSR-lede, terwyl twee lede omtrent 3200 koshuisinwoners moet verteenwoordig.

Hy sê die struktuur gee aanleiding tot onbetrokkenheid en 'n gebrek aan kommunikasie tussen die SSR en Koshuisraad.

### Koshuis

Die struktuur moet verander word, meen Koos. Een SSR-lid moet die rade verteenwoordig en 'n HK-lid uit elke koshuis met die koshuise verteenwoordig. Die ses SSR-lede uit die rade sal elk 250 studente verteenwoordig, terwyl die veertien lede uit die koshuise elk omtrent 230 studente sal verteenwoordig.

Die SSR sal dan uit 26 lede bestaan en die dagbestuur uit ses lede. Koshuisraad moet in sy huidige vorm bly voortbestaan. Die SSR sal dan meer belangebehartigend en verteenwoordigend wees. Hy sê kandidate moet in 'n verteenwoordigende stelsel fakulteitsgewys genomineer word.

Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, sê die belangebehartigende en verteenwoordigende gesag van die SSR word buite verband gesien. Die algemene siening is dat 'n belangebehartigende SSR hom nie aan die studente steur nie en dat studente meer betrokke is by 'n verteenwoordigende stelsel.

### Gesag

'n Belangebehartigende SSR is meer skriftuurlik as 'n verteenwoordigende SSR. Gesag word in 'n gesagsliggaam gesetel en nie in die studentemassa nie. 'n Ander siening is dat die studente-massa gesag besit en 'n mandaat aan die SSR gee. Besluite van die SSR kan dan deur die massa geveto word.

Studentebelange word deur belangegroepe wat histories geïdentifiseer is, verteenwoordig. Elke student se belange word op gemiddeld ses plekke verteenwoordig.

### Prim

Jan-Louis sê hy aanvaar dat daar gebreke in die huidige struktuur is. Koshuisraad moet groter verteenwoordiging kry, maar dit is weens werksdrukte prakties onmoontlik dat elke prim 'n SSR-lid is.

Die SSR se siening bots soms met die algemene siening, omdat dit die SSR se taak is om die Calvinisme te handhaaf en uit te dra. Die student se belange moet ook behartig word.

# Koshuisraad moet meer gesag kry

**BAREND Kirsten, Koshuisraadvoorsitter, sê die raad se besluit het slegs 'n aanbevelingswaarde en moet steeds deur die SSR goedgekeur word. Die owerhede aanvaar hul besluite slegs wanneer dit deur die SSR goedgekeur word.**

Koshuisraadsbesluite sloer tot twee weke voor dit deur die SSR goedgekeur word. Die prims gaan daarom met kleiner sake direk na die koshuispa's of ander instansies sodat dit vinniger afgehandel word.

Hy sê Koshuisraad moet direkte inspraak in die SSR kry of daar moet meer prestige en gesag aan die liggaam gegee word.

Die SSR is 'n gesagsliggaam en kan koshuisraadsbesluite aanvaar of verwerp. Die SSR verteenwoordig nie direk koshuisstandpunte nie, daarom bots die besluite van Koshuisraad en die SSR soms. Die karnavalplaas is deur die koshuisraad afgekeur, maar die SSR het dit aanvaar. Die aandeel van die seniors in oriëntering is op aandrang van die owerheid feitlik beëindig, en dit is nie 'n koshuisraadsbesluit nie.

Hy sê daar is genoeg potensiaal in koshuise vir die SSR. Daar sal in die toekoms nie meer 'n probleem van te klein koshuis-verteenwoordiging wees nie, omdat Heimat, Uitspan en Kulu ontruim gaan word.

CREDO JUWELIERS
GROOTHANDELSPRYSE!!

'n Diamant vandag is 'n belegging môre
Groot verskeidenheid juweliersware
HENNIE KOTZÉ
LEWIS DEURLOOP, KERKSTRAAT 133
TEL. 21685



● *Hier is dié Pyp-brigade besig met 'n vlaghuising tydens die Kulu-Uitspanreünie.*

# Uitspan-reünie was 'n fees

**MNR. Barry Swanevelder, die reüniekomitee-voorsitter van Uitspan, sê die reünie van die koshuis die afgelope naweek was met een woord 'n fees.**

Daar is nie iets spesifiek georganiseer om die Uitspanners besig te hou nie. Ou kleurskyfies is tot groot vermaak van party en groot verleentheid van ander vertoon. Die metgeselle van die Rooi Bere het dié vertoning baie geniet.

Mnr Willem Scott het 'n paar stuitlikhede kwytgeraak oor die vervloeë dae wat soveel pret ingehou het. Tussen die lyne is gelees van die jare toe daar op die eerstejaars van Uitspan geskiet is om hulle die skrik op die lyf te jaag.

Die Rooi Bere is teleurgesteld omdat die koshuis aan die einde van die jaar 'n Puk-gastehuis word.

# Kulu-dames hou gróót reünie

**KULU het die afgelope naweek behoorlik herleef. Al wat 'n oud-Kulu-dame was, het die plek op horings kom neem. Met al die "onthou jy nog" en die "haai, ek kan dit nie glo nie", het die interessantste staaltjies en tradisies uitgekom. Dit het selfs geblyk dat daar 'n donkie in Kulu was. 'n Regte donkie met toegebinde pote het een nag laat in die gange afgeparadeer.**

Die doreliedere van die afgelope sewe jaar is onder luide toejuiging gesing. Op spesiale versoek van Kristi Herbst, die gasvrou van die aand, het haar jaargroep ook hul Dorelied gesing.

Die sêrgroep wat opgetree het, het die mense net verder aangespoor om ook saam te kom sing. Die vir wie die Kulu-lied onbekend was, is die lied gou bekend gemaak.

As hoogtepunt van die vorige week se glimlagweek, is Mej Glimlag en haar twee prinsesse gekroon.

Die verversings en koffie het na die koue in die vierkant goed afgegaan. Aandenkings in die vorm van uitgewerkte sakdoeke en 'n kaartjie, is aan al die oud-Kulu-dames uitgedeel. Die wat nog nie by die uitstalling was nie, kon daar ook gaan inloer.

Die oud-Uitspanners het laatnag besluit om te kom sêr vir die dames. Ligte is geflikker en toe het die groot singaksie begin. Die huidige Kulu-inwoners kon maar net hul koppe skud vir alles wat daar uitgekom het.

Almal was dit eens dat die reünie 'n groot sukses was en sommige wou weet wanneer die volgende een gehou gaan word.



● *'n Geselsie, word gevoer by die voorportaal tydens Kulu se reünie.*

# Uitspan en Kulu eet

**VIR die eerste keer in die Puk se geskiedenis het twee koshuise, Kulu en Uitspan, gesamentlik reünie gehou en dit boonop die dag voor Intervarsity met Kovsies.**

Net die ete in die Sentrale Eetsaal is gesamentlik aangebied. By dié geleentheid is die verwelkoming deur mnr Johan Aucamp gedoen. Die oud-Pukke was in 'n feestelike stemming. Die waarnemende rektor, prof. J.S. du Plessis, het vertel van die dae toe Uitspan opgerig is en hoe goed bevriend Uitspan en Kulu nog al die jare was.

Met groot gesukkel is die mense terug na hul onderskeie koshuise toe. Dié wat nog wou saamsing, moes dit maar elders gaan voortsit.

## Koshuistradisies

# Vergeet-my-nie is tradisievas

**Vergeet-my-nie sorg dat herinneringe aan tradisies herinneringe is wat nie mettertyd sal vervaag nie — of sal ons sê: "Wat hulle doen, doen hulle goed".**

Die dore van Vergeet-my-nie ervaar oriëntering in verskillende grade van intensiteit maar die blou borslappe-voorkoms het tradisie geword. Die eerstejaars moet elke jaar geld op 'n kompetisiebasis insamel. Die wenners van die kompetisie is dan vir altyd klaar met: "Vergeet-my-nie dameskoshuis, goeie middag" — in die oggend, soos dikwels die "ongeluk" is.

Vergeet-my-nie-verjaarsdagweek is 'n week van aksies soos 'n rugby- en sokkerwedstryd tussen die P- en R-blok; tafelversiering en beoordeling en die gebruiklike besoek van Kovsies se Vergeet-my-nietjies hier of ons Vergeet-my-nietjies daar. Vir die geleentheid kies hulle ook hul eie sjampanjenooi.

Wat die koshuisdinee baie besonders maak, is die aankondiging van die "Vergeet-my-nietjie-van-die jaar", "die Eerstejaar-van-die-jaar", asook die oorhandiging van die sleepbeker, wat elke jaar by dié geleentheid plaasvind

Vergeet-my-nie spog met 'n ererol waarop die primaria en Vergeet-my-nietjie-van-die-jaar, van elke jaar aangedui word.

Alle goeie dinge kom tot 'n einde, so hou die ou HK-lede aan die einde van elke jaar 'n ware "fancy dress" waar persoonlikhede sos die koshuisvader of Sophia Loren eg nagebootst word.

# Suidwesters braai

**INFORMEEL, en met 'n stukkie braaivleis in die hand, is die nuwe bestuur van die Suidwesvereniging Woensdagaand bekend gemaak.**

Hulle is soos volg: Hugo Ehlers - voorsitter, Maryna Fourie - sekretaresse, Etienne Odendal - ondervoorsitter en Gys van Vuuren - penningmeester.

Intervarsity is op 'n vrolike noot begin toe hulle Vrydagaand 'n Bring-en-Braai met die Suidwesvereniging van Kovsies by die dam gehad het. Om en by 150 Suidwesters was dié aand bymekaar en waaroor hulle alles gesels het, kan mens net dink!

# Heide kry sweetpakke

**DIE dames van Heide kan deesdae met hul eie koshuissweetpakke spog. Die sweetpakke is duifgrys met die koshuiswapen in pienk daarop.**

Elmarie Taljaard, een van die HK-lede, vertel dat die idee van 'n sweetpak vir Heide sommer spontaan ontstaan het. Die dames wou ook graag soos die meeste ander koshuise 'n eie sweetpak hê.

Nuwe T-hempies is intussen ook vir die koshuis bestel, en dié ligpienk hempies behoort binnekort beskikbaar te wees.

# Radio Puk-musiek nie goed benut

**RADIO Puk wil studente graag uitnooi om versoeke deur hulle te laat uitsaai. Hulle beskik oor plate wat in almal se smaak behoort te val, en voel dat hul plateversameling nie genoeg benut word nie.**

In hul diskoteek van sowat agthonderd plate, is daar ondermeer die volgende langspelers: Neil Diamond se Jazz Singer, Julio Iglesias se Greatest hits, Joe Dolan se More and more, Abba se Super Trooper, Starsound se Stars on 45, David Kramer se Hak hom blokkies.

Studente word daaraan herinner dat Radio Puk ook musiek verskaf vir verenigings se onthale en funksies.


**Vakatures**

**ASB Organiserende Sekretaris**

**ASPU Sekretaris**

Beskikbaar vanaf Januarie 1982.

Die aard van die verpligtinge is die koördinering van werksaamhede van die ASB en ASPU. Salaris is onderhandelbaar.

**Aansoeke word ingewag tot einde van September.**


**AUDIO SPEED CENTRE**

**Winkel no. 15, Indiërsentrum**

**Tel: 5897**

| | |
|---|---|
| *Motorradiobandkombinasie, Blaupunkt Fulda Mk II | R84,00 |
| *Stel van 4 klipskerms | R5,95 |
| *Stel van 62 soksleutels | R13,95 |
| MJK halogeen kolligte | R17,95 |

Handelaars in hoëtroustelle, motorradiobandkombinasies, windskerms, 'louvre's', 'magrims', skaapvelle en verskaffing en montering van sonskerms.



**WESVAAL DIAMANTE**

*Verskaffers van juweliersware direk aan die studente teen verminderde pryse*

Vervaardig volgens u eie ontwerp indien u so verlang. Gratis waardasies met elke artikel. Reparasies en veranderings aan juweliersware.

Ons koop u ou juweliersware.

Frans en Elna Muller

UITSIGARKADE Verby Volkskas Bank Tomstraat die Bult (Langs Bult Droogskoonmakers)

TEL.: 5574

**Bult Droogskoonmakers**

**(Uitsig Arkade verby Volkskas)**

**Toon afslagkaart en ontvang afslag**

**Jay's Uitrusters**

**Nuwe voorrade (pas ontvang)**

*Hang Ten*

*Tractor Stewels*

*Denims*

*Koordferweel*

**Beste pryse in die dorp!**

**Winkel 4, Indiërsentrum, Tel: 8791**



**Opskud! Daar**



# Handboeke word nie gebruik

— Julie James —

**EEN-en-tagtig persent studente koop handboeke wat nooit gebruik word nie.**

Studente meen dat die huidige semesterkursusse dié onnodige uitgawes nog meer kan verhoog, omdat daar twee keer 'n jaar handboeke gekoop moet word.

Die mening is ook dat Engelse handboeke ten duurste aangekoop móét word, terwyl daar later in die semester Afrikaanse aantekeninge deur die dosente uitgegee word. Of daar word 'n diktaat uitgereik wat weer onkoste is. Dit gebeur ook dat handboeke, veral Engelse handboeke, glad nie gebruik word nie.

Die Akademiese Raad het reeds drie jaar gelede 'n poging aangewend om die studente se saak te verbeter. Dosente is gevra om 'n boekelys saam te stel sodat die klasverteenwoordiger dit vir die volgende jaar kan versprei. Daar is egter baie probleme ondervind by dosente, ook met die beskikbaarheid van boeke wat voorgeskryf is.

Tog is daar studente wat meen dat die handboeke nie onnodig is nie, maar wel 'n verdere hulp. Meer voorbeelde kan gekry word en 'n saak kan beter verstaan word as twee of meer bronne gebruik word.




● *Op hierdie "Altaar" sien menige T-been die laaste lig. Gang Vier van Hombré – oftewel "Moerverlaten", het onlangs 'n braaivleisplekkie ryker geword en gereken dat dit ook die ideale plek is om die gangnaam te adverteer.*



*TWEE wiele is Sondagnag van Johannes van Vuuren se motor gesteel.*

*Die Speurdiens, die Sekuriteitsafdeling van die Universiteit en die Militêre Polisie het reeds ondersoek ingestel. Die Militêre Polisie het 'n verdagte, maar die saak word nog ondersoek.*

*Johannes, 'n eerstejaar B Comm-student van Makouvlei, se motor was onder die brug tydens die diefstal.*

# Boekwinkel dalk op kampus

**DIE moontlikheid bestaan dat die Puk 'n eie boekwinkel gaan kry.**

Uit die SSR se behoeftebepalingsvraelys blyk dat 83 persent van die studente ten gunste daarvan is dat die tweedehandse boekwinkel uitgebrei moet word na 'n eie niewinsgewende boekwinkel. Die boekwinkel sal egter nie nie-winsgewend kan funksioneer nie, omdat 'n handelslisensie verkry en betaal moet word, asook die personeel wat die boekwinkel sal beman. Die pryse sal wel aansienlik laer wees as die pryse van die ander boekwinkels.

Die aanbeveling is al reeds deur die SSR ingedien en alhoewel daar nog nie toestemming van die owerheid verkry is nie, lyk die moontlikheid goed.

# Fliek dalk goedkoper

**'n AANBEVELING is ingedien dat afslagkaarte ook by die Kine-sentrum gebruik kan word.**

Met die onlangse prysstyging van fliekkaartjies is daar 'n toegewing aan studente gemaak dat hulle R1 afslag kry deur die Puk-sakboekie te toon. Hierdie toegewing geld slegs soggens en in die middae. Dit bly egter 'n ope vraag hoe effektief hierdie stelsel gaan wees, want dit is maklik om 'n Puk-sakboekie in die hande te kry.

Die dienstermyn van die huidige SSR is nou amper verstreke, maar aanbevelings oor die betrekking van nuwe ondernemings by die skema is ingedien.

# Koorleiers

**'n KURSUS in koorleiding is van 3 tot 4 Julie deur die Konservatorium in samewerking met die Buro vir Voortgesette Onderwys aangebied.**

Mnr Awie van Wyk, dosent in skoolmusiek en koorleiding en leier van die Potchefstroomse Kleinkoor, het die kursus aangebied vir koorleiers en voornemende koorleiers. Dit was gerig op die praktiese aspekte van koorleiding. Nagenoeg twintig koorwerke is behandel, met die klem op interpretasie, styl, stemvorming, frasering, uitspraak, begeleiding en dirigeertegniek.

Kursusgangers is toegerus met die tegnieke vir koorleiding vir praktiese gebruik by alle kore, van kleuter tot volwasse stadskore. Sekere werke wat voorgeskryf is vir die komende kunswedstryde op Potchefstroom, Carletonville, Klerksdorp en Lichtenburg is intensief behandel. Mnr Van Wyk het ook nuwe werke wat onlangs uit die VSA ontvang is, behandel.

Die Potchefstroomse Universiteitskoor is tydens die kursus vir demonstrasiedoeleindes gebruik.

# *Bantoetale gasheer vir konferensie*

**DIE Afrikatale-vereniging van Suider-Afrika het van Dinsdag, 30 Junie tot Donderdag, 12 Julie sy eerste konferensie op die Puk-kampus gehou. Die internasionale konferensie is deur nagenoeg honderd afgevaardigdes van dertig verskillende inrigtings in Suider-Afrika, Europa en die VSA bygewoon.**

AVSA is 'n internasionale vakvereniging van Bantoetaalkundiges wat lede het aan al die Suid-Afrikaanse universiteite en kolleges en ook aan dié in nasionale Swart-state en buurstate. Verskeie universiteite en kolleges in Afrikastate, Europa en die VSA het ook geaffilieerde lede.

Die Departement Bantoetale was die gasheer vir die konferensie. Die skakelbestuurder van die maatskappy wat die konferensie geborg het, sê die borgskap is in ooreenstemming met sy maatskappy se beleid om die kultuur van die Swartman te bevorder.

Nege-en-twintig referate van Bantoetaalkundige- en letterkundige aard is deur Blanke en Swart taalkundiges en letterkundiges op die konferensie gelewer.

**Kom werk by Die Wapad**

Sien p 5


TEL: 21936
11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM
DIENS IS ONS TROTS
Boutique
DRY CLEANERS
DROOGSKOONMAKERS
Eien. Elmine Brits

LB SKOENSENTRUM
Winkel 6 en 7, Indiërsentrum
Tel: 21541
Pas ontvang
Mans Tractor en Hang Ten stewels
Spesiale afslag vir studente.

● Juwele! Rokke!
● Alles vir die hare!
Wat meer wil julle hê?
Kom kry dit by ons!




Santamarkade
Kerkstraat 91
Tel: 24254
Curiosity Hut

EV'S PLACE
"Gee en ontvang van geskenke sal nooit weer dieselfde wees nie"
Kerkstraat 205 (Langs Barclays Bank)
Dié geskenkwinkel in Potch. Studente baie welkom!



is nog net 20



die WAPAD

# Dankie

Aan die einde van hierdie redaksie se termyn wil ons 'n bietjie terugkyk na die hoogtepunte van die termyn:

- in Februarie het daar 'n volkleuruitgawe op glanspapier verskyn
- daar het gereeld fotobeelde van belangrike geleenthede verskyn (ons sluit die termyn af met 'n vierblad fotobylae oor intervarsity)
- ons kon weekliks vars nuus oor 'n wye veld aan die studente bring
- die advertensieruimte het meer as verdriedubbel
- ons is die eerste studentekoerant wat 'n permanente betaalde administratiewe bestuurder het om die administrasie te behartig
- ons foto-redaksie kon vir die eerste keer in jare volledig in ons behoeftes voorsien
- ons het deurgaans goeie verhoudinge met die owerhede gehandhaaf — sonder om as mondstuk vir hulle te dien
- teen die einde van die termyn was dit moontlik om die koerant reeds teen Woensdag op die kampus te hê

Eerstens wil ek die redaksie bedank vir al die werk wat hulle in Die Wapad gesteek het — die nuusredaksie vir die wye dekking van kampusgebeure; die subredaksie vir die deeglike nasienwerk en laatnagwerk aan bladuitleg; en die administratiewe bestuurder wat gesorg het dat die wiele bly rol.

Tweedens wil ek ons lesers bedank vir die verdraagsaamheid as ons af en toe nie aan hulle behoeftes kon voldoen nie, en ook vir die lof wat ons gereeld bereik het.

Derdens wil ek graag die SSR bedank vir die ondersteuning wat ons deurentyd van hulle ontvang het.

Ons wens die volgende redaksie alle voorspoed toe vir die termyn wat voorlê — mag God hulle help soos Hy ons gehelp het.

*Izak Minnaar*

**HOOFREDAKTEUR:** Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makouvlei. Tel 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.
**Boodskappe** kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.
Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 16h30

### Deelgenote van die goddelike natuur

2 Pet 1:3-4

Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbaarste belofte geskenk het, sodat julle daardeur **deelgenote** kan word **van die goddelike natuur**, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.

Ja, u het reg gelees.

U kan 'n deelgenoot wees aan die goddelike natuur.

Dit beteken nie dat ons goddelik word nie, ook nie dat ons half-mens half-god word nie. Dit beteken dat ons as sondige mense godvrugtig lewe. Die beeld van God word reeds nou hier op aarde vertoon. Reeds hier te midde van die sonde kan ons eienskappe soos geloof, deug, kennis, selfbeheersing, standvastige volharding, godsvrug of dan 'n lewe vol eerbied voor God, broerderliefde en naasteliefde vertoon.

Maar hierdie dinge voel so vér. Eintlik buite ons bereik. En tog, daar staan dit geskrywe: Ons kán deelgenote word van die goddelike natuur.

Wat meer is — as kinders van God móét ons daaraan deel hê.

Tog bly die vraag steeds: Hoe? Hoe maak ek dié dinge my eie?

Sy goddelike krag het dit reeds aan jou gegee. Vers 3 sê dit. Hy het ons alles gegee wat tot die lewe en die godsvrug dien. En lewe hier is die ware Lewe. Nie die fisiese lewe van elke dag bestaan nie, maar die lewe in en deur God. In so 'n lewe sien ons die godvrugtigheid — die regte eerbetoning teenoor God.


Dit is nie 'n lewe van dronkenskap, nie 'n lewe van hoerery, van onverantwoordelike geldmors, van vloek en laster nie. As jy sulke dinge in jou lewe sien, misken jy die goddelike gawe. Dan vertrap jy Christus se geskenk aan jou. Ja, jy vertrap sy bloed onder jou voete.

Jy wil verander en hierdie dinge uit jou lewe uitskakel, maar weet nie hoe nie? Dit is moontlik. Leer Hom wat ook jou geroep het, dan sál hierdie uit jou lewe verdwyn.

En jy leer Hom net op een manier ken — deur sy Woord. Daarin stel Hy Homself bekend. Daar kan jy Hom ontmoet. En wanneer jy hom leer ken, sal jy die verdorwenheid in jou lewe ontvlug.

En jy wat Hom klaar ken? Is jou taak afgehandel? Nee! Jy moet aanhou soek om Hom beter te leer ken. Hoe beter jy Hom leer ken, hoe ryker en dieper word sy genade aan jou.

**Ben Smit**




# Algemene passiwiteit verswak studentelewe

AS die georganiseerde studentelewe 'n stadige dood gaan sterf, sal dit nie net wees weens die semesterstelsel nie, maar ook weens algemene passiwiteit, sê Piet Fanoy, voorsitter van Korpsraad.

Piet dink dat die verenigingslewe wel 'n knou gekry het vanweë akademiese wanbalans.

Irma Jansen van Rensenburg, voorsitster van die Akademiese Raad reken ook dat die studentelewe aan die doodgaan is. Daar is nie meer vir die verenigings tyd nie, weens toetse.

Sy voeg by dat die stelsel nie deur die studente ernstig opgeneem word nie. Die studente dink hulle sal in elk geval 'n hereksamen kry as hulle druip.

Die semesterstelsel was 'n groot aanpassing vir studente wat nie gewerk het nie, terwyl dit vir die dosent geen aanpassing was nie, omdat baie tyd waarin niks gedoen is nie, uitgeskakel is. Dosente verwelkom semesterstelsels, sê Irma.

Piet Fanoy dink dat namate daar by die stelsel aangepas word, die aanvaarding daarvan groter sal wees. Studente moet egter besef dat die tyd uitgekoop moet word. Gesien in 'n akademiese lig is die semesterstelsel baie voordelig.

Piet ondervind egter nog probleme met die werking van die stelsel. Hy sê 'n student het nie meer tyd vir selfstudie nie. Die student het 'n papegaai geword.

Die praktyk van toetse en werkstudie moet ook hersien word. Piet is van mening dat altwee saam die student 'n slaaf van die proffie maak. Hy stel voor dat die dosente op een van die twee moet besluit, maar nie op altwee nie.

# Eksamengebed gee kalmte

**Bid voor jy skryf?**
**'n PAAR gedagtes oor die gesamentlike gebed aan die begin van 'n vraestel, omdat hierdie handeling die Puk uniek maak.**

Prof Faan du Plessis is van mening dat dit die ideaal is in die eksamenlokaal, maar dit skep praktiese probleme. Die hoofopsiener moet 'n gebed doen, waarna die eksamenregulasies voorgelees word. Die eerste en laaste periodes van elke dag is ook veronderstel om met gebed te begin en af te sluit.

Prof Du Plessis aanvaar egter dat elkeen voor hy skryf, ook vir homself sal bid.

Piet Fanoy dink dat 'n gebed voor die eksamen wenslik is, maar nie noodwendig nie. Dit gee kalmte, en "lei my nie in die versoeking nie".

Irma Janse van Rensenburg het daarop gewys dat die gebed in die eksamenlokaal 'n blote gewoonte is in baie gevalle. Sy is egter van mening dat dit kalmte en "sanity", gee.

Mens wonder vir hoeveel van ons studente is dit nie 'n gevoel van nood leer bid nie?

# Kamermusiek en ghitaarspel

MUSIEKSTUDENTE van Wits is verantwoordelik vir die volgende Collegium Musicum-konsert. Die konsert, wat uit kamermusiek bestaan, vind plaas op Woensdag 2 September om 20h00 in die Konservatoriumsaal. Bespreking vir die konsert kan by die Konservatorium gedoen owrd.

Die klassieke ghitaarspeler, Angel Romero, tree op Maandag 7 September in dieselfde lokaal op. Die konsert begin om 20h00. Toegangsgeld vir studente is R2,50.

STUDENTEBURO

# Skoolkliniek vir leerlinge en ouers

DIE Afdeling Opvoedkundige Dienste van die Studenteburo lewer diens aan voornemende universiteitstudente deur:
— ten alle tye beskikbaar te wees vir persoonlike onderhoude met leerlinge en/of hul ouers, op die kampus of by hul huise, omtrent kursusaangeleenthede, beurse, lenings ensovoorts.
— leerlinge en ouers op kampustoere te neem
— vir leerlinge besoeke aan verskillende departemente te reël
— skoolgroepe op kampustoere te neem
— aanbieding van leierskapkursusse
— aanbieding van 'n nasionale wetenskapweek
— skole en ouers te besoek
— kinderleidingklinieke te besoek
— bywoning en aanbieding van loopbaanskoue
— die aanbieding van skoolklinieke waartydens leerlinge en hul ouers die geleentheid gebied word om enige universiteits- en militêre opleidingsaangeleenthede te bespreek. Dit kan sake soos kursusse (samestelling), beroepsmoontlikhede, beurse en lenings en die probleem van óf eers weermag óf eers universiteit insluit
— hulp en materiaal aan skole te verskaf om die belangrike vak Beroepsleiding tot sy reg te laat kom
— die oor op die grond te hou en behoeftes en probleme wat betrekking op die universiteit en/of die gemeenskap het, terug te rapporteer.

Die Afdeling word dan ook uit die aard van sy werksaamhede en sy besondere noue skakeling met inspekteurs van skole, hoofde van Kinderleidingklinieke, skoolhoofde en voorligters, beman deur 'n personeel wat self kan getuig van jare skoolervaring en ondervinding van die leerling en sy probleme. Dié personeel wat self op akademiese vlak hul merk gemaak het, praat dus die "taal" wat die inspekteur, skoolhoof en voorligter verstaan en gevolglik bestaan daar onmiddelik 'n raakvlak wat skakeling tussen die skool en die Puk vergemaklik.

Die Afdeling Opvoedkundige Dienste het deur die jare 'n trotse reputasie opgebou en is bekend vir die mooi gesindheid en hulpvaardigheid waarmee hy sy dienste aanbied. Hierdie afdeling, hoewel klein in getalle, lewer 'n besonder belangrike diens vir die Puk en bou gesindhede wat alleen tot die Universiteit se voordeel strek.

A J Van der Walt

# INTERVARSITY


**Fotobeeld deur Hansie Vermeulen, Willie van Zijl, Maurits van Wyk en Frik Schoeman.**



● *Tog so jammer dat skoonheid so oneweredig uitgedeel is. Die sjampanjenooientjies van Kovsies en Pukke lyk net nog 'n stukkie mooier teen hierdie ongewone agtergrond.*



● *'n Bonuspunt vir julle, Kovsies, as hierdie hordes bloeddorstige Pukke julle nie met die eerste oogopslag terug Vrystaat toe laat vlug het nie!*



● *"Hey, Puk!" Puk se dirigente het voorwaar spoggerig vertoon in hul wit en wynrooi uitrustings. Hulle het net daardie IETS wat hulle buitendien sou laat uitstyg het bo die Kovsies, al sou hulle hul ding in streepsakke gedoen het.*



● *Kovsies se dirigent moes meer as net 'n poging aanwend om sy mense te laat vergeet van die weer en hul stembande aan die tril te kry.*



● *"Jy mag ons dalk nie glo nie, maar dit help!"*



● *Wag man, al is ek 'n Puk, is dit nie nodig om oor my te baklei nie!*



● Met die vasberadenheid van Transvaalse vakansiegangers in koue Durbanweer, sit hulle bankvas en vasbeslote om die dag te geniet.



● Hô nou, mense. 'n Mens kan net so oulik glasies klink met 'n vrugtesapkartonnetjie!




● Om 'n polisiehond met sjarme te oorrompel, sit nie in elke man se broek nie. Veral nie as die broek neig na 'n skurk-voorkoms soos op die foto nie!



● Sommiges sal stry dat elegansie hier ontbreek. 'n Man moet egter soms afdoen aan sy voorkoms wanneer hy sy veiligheid hoog ag.




● Oppikant of oppibottel?



● Vir 'n Vrystater met 'n verstaanbare vrees vir hoogtes, is hierdie meer van 'n prestasie as wat dit op die oog af mag lyk.




● 'n Vinnige advertensieflits tussen die hoofgebeur



● Die familie Over-de-Voor span uit op hul daktuin om spangees te bou vir Intervarsity.



Van trots het party hoofde só geswel dat die hoed maar op die knie gedra moes word . . .



● "Nja-nja-nja-nja-nja!" Oom Piet Fotokuns hoort by Intervarsity soos polisiehonde en wyn.



● Skoonlief en die ondier.



...ierdie kamoeflering kan ek nog wegkom met moord!



● "Dis nou tiep van jammer dat ons net die ou een sambreeltjie tussen ons het.



● As jy probleme met jou kamermaat het, kan jy dit gerus oorweeg om vir hom of haar só 'n T-hempie te gee.



● En as die sjampanjenooientjies te ver is om te sien, is daar altyd 'n mooi nooi redelik digby . . .



● Van vars plaasroom tot asyn tot die regte, egte ding . . . Dit was alles daar – en nog meer.



● Met ons hier langs die kant, gaan die Pukke sukkel om te verloor . . .



● Pa het by hierdie tyd seker al die leë kol bokant die kaggel opgemerk . . .



...weet darem nie of ek my kisklere moes aangetrek het na hierdie modderpoel nie . . ."



● Dis 'n tyd om nuwe vriende te maak en ou vriendskapsbande (Slepersbande?) te versterk!




● Skrikwekkend groot staan die amptelike voertuig van Kovsies se "Rooi brigade" 'n hele paar graspolle toe. Hierdie manne het met baie van die toeskouers se aandag weggeloop tussen die wedstryde.




● Die Puk se vakansieoord het die naweek gratis losies verskaf aan 'n menigte haweloses. Die terrein tussen die Totius en die Studentesentrum het gespog met verskeie tentwonings.



● "Mog my ouma dink dat dit my Kentucky braaihoender is wat in hierdie foelie gedraai was!"




● Dit nat strate van Potchefstroom het geblom met Vrystaatse voertuie in hul vrolike intervarsity-gewade.



● In die damesafdeling van die skermvete tussen Pukke en Kovsies, het die twee spanne gelyk geëindig. Hier karnuffel Annette Pretorius van die Puk (links) en Wilma Wilkenson van Kovsies mekaar.



● Wat gemaak as die stuur nie wil stuur nie en die briek nie wil briek nie?



● Die algehele wenners van die Netbal was Kovsies.



● En hier kom die Pukke . . .



● Pas ná die wegspring het 'n paar van die damesroeiers reeds kennis gemaak met die ysige water. As dit nie bravade is nie, . . .



● Fanie Campher van die Puk laat waai met sy raket.



● Die Pukke was Kovsies 'n hele paar skoppe voor en het die karate gewen.



● Hup! Hier het Puk duidelik die oorhand.



● Op die grouste van grou dae moes Pukke die hokkie-kroon gedweë op die Vrystaters se koppe plaas.




Bussie 13
Studenteraad

**DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.**

# Prof antwoord oor Wetenskapsleer

**Meneer**

Dit is nodig om kortliks enkele sake in verband met Wetenskapsleer (Let wel, nie I.W. nie) in perspektief te stel na aanleiding van die briefwisseling in u geëerde blad.

TEN EERSTE is dit nodig om duidelik te stel dat die sillabusse wat tans vir Wetenskapsleer geld, in 1977 opgestel is juis om rekening te hou met die studente se behoeftes in die verskillende fakulteite. Hierdie gedifferensieerde sillabusse het meegebring dat studente in Wetenskapsleer in Lettere en Wysbegeerte 'n totaal ander kursus het as byvoorbeeld dié in die Natuurwetenskappe. So word byvoorbeeld wel oor die huwelik en ander samelewingsverbande gehandel in Lettere en Wysbegeerte en in die Ekonomiese Wetenskappe, maar nie in die Natuurwetenskappe nie. Dit is dus noodsaaklik dat kritici van die kursus daarmee rekening hou.

TEN TWEEDE moet daar rekening gehou word met die nuwere ontwikkelinge wat tans aan die gang is. Hieronder val die oordrag van Wetenskapsleer B na die hoofvakke van die student. Dit is reeds die geval by Politieke Wetenskappe en daar word gewerk aan die bywerking van sillabusse van vakke om self die stof van Wetenskapsleer B te inkorporeer. Daarmee hang ook saam dat nuwe DOSENTE vanaf hierdie jaar verplig word om 'n basiese kursus in Wetenskapsleer te deurloop.

TEN DERDE moet die oogmerke wat met hierdie kursus in Wetenskapsleer A en B bereik wil word in gedagte gehou word. Wetenskapsleer B wil veral in die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Ekonomiese Wetenskappe en Regte (Algemene Regsleer A) op 'n wetenskaplike wyse die calvinistiese lewensbeskouing ontvou en daarom word veral aandag gegee aan sake soos die christelike siening van die werklikheid waarvan elke wetenskap 'n aspek bestudeer, die Bybelse mensbeskouing en samelewingsleer en die dinamika van Christelike wetenskapsvorming. In Natuurwetenskappe word daar veral toegespits op die agtergrond van wetenskapsbeoefening. By Wetenskapsleer A bestaan daar verskillende handboeke en by Lettere en Wysbegeerte en Ekonomiese Wetenskappe word daar lesingskemas aan die dosente beskikbaar gestel.

Een van die belangrikste vrae by die aanbieding van WETENSKAPSLEER A is veral of die stof só aangebied kan word dat dit vir die student in sy vroeë adolessensie betekenisvol kan wees. In die tweede studiejaar vind ons dat die student hom nog min interesseer in vrae soos: wat is die universiteit? Wat is wetenskap? Daarom is dit die beleid van die Senaatskomitee vir Wetenskapsleer dat gesprek in die klas aangemoedig word en dat studente moet leer om self prinsipieel begronde standpunte oor aktuele sake te formuleer.

By WETENSKAPSLEER B kry ons 'n sterker toespitsing in al die Fakulteite rondom die agtergronde wat by wetenskapsbeoefening 'n rol speel. Daarom word daar in die Fakulteite weer in vakgroepe met verwante vraagstukke, gedifferensieer.

So word byvoorbeeld studente in Letterkunde en in Uitvoerende Kunste in aparte groepe ingedeel om weer eens met die belangstelling van die student rekening te hou.

TEN SLOTTE — dit is nodig om rekening te hou met die oopvouende horison van die student wanneer oor Wetenskapsleer se inhoud geredekawel word. Die huidige kursus is berekend daarop ingestel om studente te vorm om vanuit 'n Bybelsgefundeerde instelling standpunte te probeer formuleer oor aktuele sake en hierdie sake raak veral ons verskillende roepinge en veral die beoefening van Skrifgefundeerde wetenskap.

Daarom nooi ek graag studente uit om weer eens na die sillabusse te kyk en wenke aan my deur te gee ter verbetering van die kursus. Later in hierdie semester word daar weer 'n meningspeiling by derdejaar- en nagraadse studente gedoen en dan is daar ook geleentheid om konstruktief voort te bou.

**Prof B Duvenage**

(Voorsitter Senaatskomitee vir Interfakultêre Wetenskapsleer).

# Wetenskapsleer by elke vak

**Meneer**

Ek stem heelhartig saam dat Wetenskapsleer niks anders as 'n afgewaterde en onnodige kursus is, wat sowel studente as dosente se kosbare tyd mors. In die huidige tydvak waarin ons ons bevind, en waar produktiwiteit en doeltreffendheid vooropgestel word is daar net nie meer tyd op Universiteit om op sulke sentimentele snert as Wetenskapsleer te konsentreer nie.

As 'n student voel dat sy ma hom nog nie alles van die bytjies en blommetjies vertel het nie dan hoort hy nog in die kleuterskool en nie op Universiteit nie.

Aangesien die Puk 'n universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is, kan Wetenskapsleer by alle ander vakke geïntegreer word. Sodoende sal die student beslis 'n beter idee hê oor hoe hy Wetenskapsleer in die daaglikse- en praktiese lewe kan gebruik en implementeer. Op die huidige oomblik is Wetenskapsleer slegs van teoretiese, indien van enige waarde vir die student.

ANTI-I.W.

# Liefde gratis beskikbaar

**Meneer**

"Uitverkoping, spesiale aanbod, pryse grootliks verminder". Dit is woorde wat ons dikwels in die winkelvensters raaksien.

Die tendens ontstaan deesdae — soos dit vir my lyk — om veel meer dinge se pryse sodanig te verminder. Wat dink ons mense nog van kuisheid? So ver as wat 'n mens gaan, word vrye liefde en losbandigheid geproklameer. Ag, let maar net op die avertensiewese, die televisie, musiek, literatuur — ja, noem maar op.

Wat my egter die meeste ontstel, is die verbasende invloed wat hierdie wêreldse tendens op ons studente het. Kleredrag, sleepgewoontes en muurbehangsels is maar net 'n paar dinge wat onmiskenbaar hierdie nuwe stempel begin afdruk.

Sal dit heeltemal absurd wees om ook oor die liefde te sê: "Uitverkoping, spesiale aanbod, pryse grootliks verminder", of dalk, "heeltemal gratis!".

**Winskopie-jagter.**




# Porfirie by Afrikaners

**Suster Landa Oelofse**

IN Suid-Afrika is daar 'n paar bevolkingsgroepe by wie een of meer gene so dikwels voorkom dat hulle as "hoë risiko-bevolkings" beskou word. Ongeveer een uit elke 250 Afrikaners dra die geen vir Porfirie Variegata. Hierdie toestand is betreklik onskadelik en veroorsaak slegs blase en littekens op die vel, gewoonlik op dele wat aan sonlig blootgestel word.

Wanneer 'n sekere middel soos sulfonamiede of barbiturate, dikwels as deel van 'n narkosemiddel, aan 'n porfirielyer toegedien word, kan hy of sy 'n ernstige reaksie toon wat selfs noodlottig kan wees.

'n Eenvoudige toets op die urine en stoelgang sal aandui of 'n persoon hierdie geen het. Indien die toets positief is, sal sy geneesheer gewaarsku wees om nie die gevaarlike middels vir hom of haar voor te skryf nie.

Die toestand kan nog nie met sekerheid by kinders onder die puberteitsouderdom gediagnoseer word nie, maar as 'n ouer aan porfirie ly, staan elk van sy kinders 'n kans van 50 persent om ook daaraan te ly, omdat die toestand dominant oorerflik is.


**SGD**

Betaalde Onderwysposte beskikbaar vir 1982. Aansoekvorms in SGD-kantoor.

**Tikwerk**

Tik van proefskrifte, verhandelinge, werkstukke, studiestukke ens. IBM elektriese golfbal.

**Kontak mev Mosterd**
**Tel: 23632**







**ALEF JUWELIERS**

**Fabriekspryse op diamante en handgemaakte juweliersware**

- Ontwerp u eie verloof- en trouring
- Waardasiesertifikaat met elke diamant
- 15 jaar ondervinding as diamantslyper

Al my diamante is noukeurig uitgesoek en dus 'n belegging. Doen uself 'n guns en kom vergelyk pryse.

**Kerkstraat 195 (Langs Russell's; Eerste Vloer).**
**Tel: 3322 of 23650 — 24 uur diens.**


# KOERANTWERK!

## Die Wapad soek redaksielede!

Doen nou aansoek vir die termyn vanaf September 1981 tot Augustus 1982. Gebruik hierdie vorm en pos dit so gou moontlik in Bussie 13 agter die inligtingshokkie in die studentesentrum of stuur na: Die Administratiewe Bestuurder, Bussie 502, PU vir CHO.

**Naam:** ............................................

**Adres:** ............................................

**Telefoon:** ............................................

Ek stel belang in die volgende:

**Verslaggewing**
- Nuus ☐
- Sport ☐
- Kuns ☐
- Sosiaal ☐
- Diepte ☐

**Fotografie** ☐

**Spotprenttekenaars** ☐

**Rubriekskrywers** ☐

**Subwerk**
- Nasien ☐
- Bladuitleg ☐

**Administrasie**
- Tik ☐
- Advertensiewerwing ☐
- Verspreiding ☐
- Penningmeester ☐

Onderhoude sal op 8, 9 en 10 September met belangstellendes gevoer word.

Van suksesvolle aansoekers sal verwag word om op Saterdag 12 September opleiding te ontvang.

**Aansoeke sluit Donderdag 3 September.**



# plekke vir die



Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater



● *Die Kasatka Kosakke in aksie. Dié groep sal te sien wees op die Puk op 14 September 1981.*

# Kasatka-kosakke in ouditorium

**DIE opwindende sang- en dansgroep, die Kasatka-kosakke, hou op 20 September vanjaar 'n uitvoering in die ouditorium van die Studentesentrum. Hierdie optrede is deel van die groep se wêreldtoer. Hulle het tot dusver oral byna staande toejuiging ontvang.**

Weens die teenwoordigheid van sommige van die vooraanstaande voordraers in die Kosak- en Slawiese idiome in Londen in 1977 het vier musikante, vier dansers en twee sangers bymekaargekom om die Kasatka-kosakke te stig.

Hul doel is om musiek, sang en dans van die hoogste gehalte aan te bied deur wedersydse inspirasie en stimulering. Onder die leiding van Goggie Bestavachvili het die groep in 1978 na hul terugkoms uit Singapoer, Thailand, Maleisië en Indonesië hul huidige samestelling van twaalf kunstenaars aangeneem wat versigtig gekies is uit dansgroepe van Hongarye, Pole, Moldawië, Ukraan, Rusland en Australië.

Uit hul konsertprogram, wat items oor elke kenmerk van hul ryk en veelsoortige nasionale volksagtergronde het, het hierdie kunstenaars 'n reputasie verkry wat hulle uniek en ongeëwenaar maak op hul gebied. Gedurende die afgelope jaar het hulle oor 'n honderd aanbiedings in Groot Brittanje alleen gegee en genot verskaf aan gehore vanaf die kleinste provinsiale teaters tot die belangrikste konsertsale in Londen, waaronder die Fairfield Hall in Croydon en die Queen Elizabeth Hall waar hulle voor vol sale opgetree het.

Hulle het onlangs teruggekeer van 'n uiters geslaagde konserttoer in Kanada waar hulle na elke aanbieding staande toegejuig is. Na die huidige konserttoer in Suid-Afrika sal hulle Duitsland, Switserland, Oostenryk, Kanada en Australië besoek.

Die konsert begin om 20h00. Besprekings kan gedoen word by die Inligtingsburo in die Studentesentrum, Bukana en Harold's Garage.

# Alabama is ambassadeurs

**"DIE Alabama-studentegeselskap is nie meer net ambassadeurs van die universiteit nie, hulle is ook ambassadeurs van Potchefstroom".**

Met hierdie woorde het die burgemeester van Potchefstroom, dr Van Deventer die Alabama-studentegeselskap verwelkom toe hy hulle verlede Woensdagaand in die stadsaal se onthaallokaal ontvang het.

Dr Van Deventer het gesê hy wou die vermaaklikheidsgroep al lankal onthaal omdat hulle lank nie meer net as Pukke bekend is nie, maar ook as Potchefstromers. As Potchefstromers het hulle deur hul gewildheid gesorg dat die Wes-Transvaalse dorpie 'n plek op die landkaart kry.

Tydens die geleentheid het Dawie Fourie, voorsitter van Alabama aan die burgemeester 'n boek oorhandig wat Alabama gedurende hul toer deur Suidwes die afgelope wintervakansie van die burgemeester van Swakopmund ontvang het om aan Potchefstroom se burgemeester te oorhandig. Die volgende boodskap is voor in die boek aan die burgemeester van Potchefstroom gerig:

"Dit was vir my 'n voorreg om weer eens kennis te maak met die ryke erfenis van die Afrikanerkultuur, so skitterend uitgedra deur die Alabama-studentegeselskap van Potchefstroom.

"Dit is derhalwe vir my 'n voorreg om van die illustrasies van ons eie dorperfenis namens die mense van Suidwes aan u te stuur.

"Mag dit met Potchefstroom en sy mense goed gaan as handhawers van u trotse erfenis".

Die boek, "Swakopmund unser Erbe", deur Christine Marais handel oor die geskiedenis en mense van Swakopmund. Dr Van Deventer het gesê hoewel hy graag die boek by sy eie versameling sou wou voeg, voel hy dit is 'n boek wat in Potchefstroom se museum hoort.

Prof Faan du Plessis, vise-rektor van die PU, wat die onthaal namens prof Tjaart van der Walt bygewoon het, het die Alabama-studenteselskap namens die universiteit gelukgewens met hul puik optrede oor die hele land.



● *Tydens 'n onthaal in die Stadsaal het Dawie Fourie, voorsitter van Alabama 'n boek namens die burgemeester van Swakopmund, aan dr Van Deventer oorhandig. (Foto: Fotokuns)*

**● Sound of Music**

# Duurste produksie ooit op Puk

**DIE musiekblyspel "The Sound of Music" word binnekort deur die PU aangebied onder regie van dr Peet van Rensburg.**

Verskeie departemente van die Universiteit werk saam aan die produksie. Senior studente van die Departement Spraakleer en Drama vertolk die hoofrolle, studente van die Departement Beeldende Kunste ontwerp die plakkate en program, Kommunikasiekunde behartig die publisiteit en die Studenteburo hanteer die plekbespreking.

Dié aanbieding van "The Sound of Music" is die duurste produksie van sy soort wat die Universiteit nog aangepak het, en beloof om net so kleurryk te wees as verlede jaar se aanbieding van "Fiddler on the Roof".

Die musiekleiding word deur Christa Steyn gedoen, Brenda Potgieter is assistent-regisseur en doen die choreografie, Martie Smith sal die orkesleiding doen en Awie van Wyk rig die kapelkore af wat saamgestel word uit die vroue van die Collegium Musicum- en die Universiteitskoor.

Die PU se aanbieding van dié musiekblyspel is deel van 'n wêreldwye terugkeer na die morele en romantiese. Amerikaanse universiteite vereis die aanbieding van minstens twee blyspele in die toneelkunde-kursus en "The Sound of Music" het ook pas 'n heropvoering in Londen beleef met Petula Clark as Maria.

Peet van Rensburg wil sy produksie ook laat sentreer om die idee van liefde wat gedissiplineerde vryheid is en daarteenoor die pligmatigheid tot liefdevolle diens. Die musiekverwerkings sal ook die strakheid van die kloostermusiek teenoor die eenvoud van die volksmusiek beliggaam.

"The Sound of Music" sal in Potchefstroom, Pretoria, Vereeniging, Sasolburg, Kroonstad en Roodepoort aangebied word.

NUWE JETTA



Die ruim nuwe VW Jetta het geland.

Met 'n spoggrootte 520 dm³ bagasiebak. 'n Ruim kajuit met nuwe standaarde van swierige binnekenmerke:

'n Omvattend toegeruste paneelbord met toereteller en syferhorlosie (GLS-modelle). Getinte voorruit. Pluispooltapyte kleuraangepas by ingevoerde veloermateriaalbekleedsel. En 'n verhitte agtervenster (GLS).

Beskikbaar in GL 4-spoed-handrat, GLS 5-spoed-handrat, GLS outomaties.

As u dus 'n motor wil loods met so 'n pragvoorkoms dat dit net deur sy indrukwekkende standaarde van ingenieurswese en ruimte oortref word . . .

RUIMTETUIG

Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220
Potchefstroom
Tel: 4261

Vlieg Metta Jetta

VW JETTA

J408



# Platsakstudente





● *Die Puk mag dalk net 'n fakulteit vir binnenshuise versiering die lig laat sien as hulle die ontluikende talent in Hombré se Gang Vier raaksien. Wat eers maar net as nog 'n vaal koshuisgang bestempel kon word, lyk deesdae soos die ingangsportaal by Sun City. Dit lyk asof die Hombré – manne altyd ruimte vir verbetering bespeur.*

# Erekleure vir onderskeiding

**DAAR is gevind dat 62 persent van die studente nie bewus is van die vereistes vir akademiese erekleure nie.**

Van vanjaar af word 'n graad wat met onderskeiding geslaag is, beloon met erekleure. In die verlede is die toekenning nie vir 'n eerste graad toegeken nie.

'n Kandidaat moet 'n gemiddeld van 72 persent handhaaf in al sy vakke. Die gemiddeld moet in al drie of vier jaar wat die kursus duur, gehandhaaf word.

Die erekleure is 'n Pukbaadjie of 'n oud-Pukbaadjie met 'n kenmerkende wapen — die Puk-wapen omring met 'n goue lourier waaronder 'akademie' staan.

## TT Cloete praat oor verskynsels

DIE Taal- en Lettervereniging hou op Woensdag 26 Augustus om 19h30 'n byeenkoms in kamer 206 van die Frans du Toit-gebou. By dié geleentheid sal prof T T Cloete praat oor Algemene literêre verskynsels.

## *CHO-konferensie in die VSA gehou*

**DIE derde internasionale konferensie vir instansies van Christelike Hoër Onderwys is van 13 tot 20 Augustus by Dordt College in die VSA gehou.**

Die CHO-konferensie, wat deur die Puk ingestel is, het in 1975 sy oorsprong op die Puk-kampus gehad. Die konferensie is 'n poging van CHO-instansies om mekaar op internasionale vlak te ondersteun.

Die Puk se afvaardiging daarheen was prof. Tjaart van der Walt (rektor), prof. Rassie Smit (registrateur), proff. N.T. v.d. Merwe, B.J. van der Walt, L.M. du Plessis, J.C. Coetzee, J.J. van der Walt, en ds. C. Rabali.

Die sentrale tema van die konferensie was "The challenge of Marxist and Neo-Marxist ideologies for Christian Scholarship".



● *André Compion, 'n aptekerswesestudent aan die Puk, is op die afgelope kongres vir Aptekerstudente verkies as die vise-president van die Suid-Afrikaanse Aptekerstudente-federasie.*

*André was die voorsitter van die Puk se aptekerstudente-vereniging (P.A.S.V.) vir die tydperk 1980/81. Die prestasie is des te groter omdat dit die eerste keer in 'n lang tydperk is dat 'n Afrikaansprekende student op die bestuur dien.*

# Redaksie '81

**Hoofredakteur:** Izak Minnaar

**Nuusredakteur:** Hansie Vermeulen

**Administratiewe Bestuurder:** Johan Myburg

## Nuusredaksie

**Algemene Nuus**
**Redakteur:** Petro Malan
**Senior verslaggewers:** Trudie Scholtz, Gerda Snyman.
**Verslaggewers:** Anja van Tol, Betsie Kilian, Julie James, Hansie Venter, Ina van der Walt, Hannelie Geldenhuys

**Kuns**
**Redakteur:** Johan Myburg
**Senior verslaggewers:** Rudolph Willemse, Marietjie Potgieter
**Verslaggewers:** Alta van der Werken, Nicci Rosseau

**Sosiaal**
**Redakteur:** Zelda Nel
**Verslaggewers:** Zelda Mocke, Marinda Fourie

**Sport**
**Redakteur:** Griet Gräbe
**Senior verslaggewer:** Herman de Villiers
**Verslaggewers:** Lynette Pretorius, Ilma Frylich

**Diepte-artikels**
**Redakteur:** Gerrie Snyman
**Verslaggewer:** Deona du Plessis

**Foto's**
**Redakteur:** Lynn Pretorius
**Fotograaf:** Maurits van Wyk

## Subredaksie

**Nasien**
Maurits van Wyk, Engela Swart, Susan Buys

**Bladuitleg**
Izak Minnaar, Maurits van Wyk, Griet Gräbe, Marietjie Potgieter, Hansie Vermeulen, Zelda Mocke, Willem van der Walt

## Administrasie

**Advertensiewerwing**
Elzareé Brits, Johan Myburg, Izak Minnaar

**Tikster**
Priscilla Luther

**Penningmeester**
Paul Smit

**Argief**
Dawid Swanepoel

# Versamelwerk oor huwelik is aktueel

**DIE Instituut vir die Bevordering van Calvinisme is besig met die samestelling van 'n versamelwerk oor die huwelik. 'n Wye reeks kenners uit drie Afrikaanse susterkerke is gevra om bydraes te lewer vir die bundel. Dit beloof om 'n pragwerkstuk te wees.**

Die onderwerpe is van baie aktuele aard. Vir diegene wat aan die vooraand van die huwelik staan, is daar advies van allerlei aard: die "sleeplewe"; is dit verkeerd om voor die huwelik saam te woon?; is daar so iets soos verkeerde huweliksmotiewe? Wat is die doel of die sin van verlowing — en kan mens dit verbreek?

Die probleme wat in die werkstukke behandel word, is vrae waarmee elkeen van ons al te doen gehad het of waarmee ons worstel.

Vir die getroudes is daar eweneens antwoorde op vrae soos: die bedoeling van die huwelik; is dit geldig om te skei? Wat is die huweliksprobleme van die getroude student?

Die gesinslewe met al sy probleme van kinderlose huwelike, opvoeding van die kind en godsdiens van die kind word hier behandel.

Vir die student is dit 'n uitstekende handleiding en antwoordeboek oor die liefde, die huwelik en die gesin. Die medewerkers aan die boek is mense wat reeds hul bekwaamheid op hierdie gebied bewys het: studente-leraars, huweliksraadgewers, dosente in die etiek en ander akademici.

**Kom werk by Die Wapad**
Sien p 5


Tina Schöltz
Skoonheidsterapeut en Grimeerkunstenares.
Arkade Apteek, Edgars Gebou,
Tel.: Werk: 8543 — Woning: 6523
Kerkstraat, Potchefstroom
We give free consultations on all skin and figure problems





CHECKERSSENTRUM, TEL. 24691
Debbies
Bring u die Ooste
ONS SPESIALISEER IN:
● Materiale
● Patrone
● Kramery
● Randpatrone



DIAMANTE en Juweliersware
— U kies die steen
— Ons maak die ring volgens u smaak
(Waardasiesertifikaat met elke diamant.)
Fantastiese stene teen belaglike pryse!
Kontak Piet Lourens of Dawie Rademeyer in Caput
Tel: 3375/6







# Pukke verloor nét op die telbord

**DIE Puk se eerstespan het baie goed gespeel en volgens Andre Markgraaff moes hulle gewen het. Die telling was 12-11 in die guns van Kovsies.**



● *André Markgraaff het Saterdag weer eens bewys dat hy hoog kan rank in die lynstane. Puk het die wedstryd net-net met 11-12 verloor.*

Dit was 'n harde en nat wedstryd waar Puk die losskrums met 22-12 oorheers het, die lynstane met 16-15 en die vasskopstryd met 1-0. Ons kan verder met twee drieë teenoor die een van Kovsies spog.

De Wet Ras was die Shimlas se redding; hy het puik spel gelewer en gesorg vir Shimlas se oorwinning met 'n strafdoel wat hy in die laaste minuut van die spel deur die pale gestuur het.

Die spel het kleur begin kry nadat die Shimlas onkant in 'n losskrum betrap is en Herman Kleynhans die eerste punte aangeteken het met 'n strafskop. Die Puk-moraal het baie hoog geloop toe Quinton Campbell net daarna 'n netjiese drie druk en die telling 7-0 in die Pukke se guns laat tel. Ongelukkig speel die Pukke onkant en Ras wen 'n strafskop vir Shimlas.

Hierna het Shimlas se senter Danie Swart, hul eerste drie gedruk. Ras voeg 'n verdere twee punte daarby om die rustydtelling 9-7 in Kovsies se guns te maak.

In die tweede helfte swaai die skaal weer in Puk se guns en George Moorcroft druk 'n pragdrie, Ras het egter steeds die laaste sê gehad met sy netjiese strafskop in die veertigste minuut van die tweede helfte.

Nieteenstaande die nat weer het Wessel van der Merwe, Zillen Roos, Herman Kleynhans en George Moorcroft puik spel gelewer. Geldenhuys het homself bewys as 'n meester om balle in die losskrums uit te haal. In die losspel het veral Piet Conchar en Gert Smal ook baie goed gespeel.

Hoewel die Puk baie gebiedsvoordeel gehad het, het hulle nie hul agterlyn doeltreffend gebruik nie. Hulle het ook min deurdringingsvermoë getoon as mens hul baie balbesit in ag neem.

Die Shimlas verdien krediet vir hul puik verdediging. Dit was veral De Wet Ras, Martiens le Roux en Anton le Roux wat in die span uitgeblink het.

Die man wat die Pukspan afrig, mnr James Stoffberg, meen dat die Pukke baie goed aangepas het in die nat toestande en dat hulle eintlik verdien het om te wen, maar mens kan nie met die telbord stry nie.

## Intervarsity-uitslae

| SPORTSOORT | PUKKE PUNTE | KOVSIES PUNTE |
|---|---|---|
| **NETBAL** | | |
| I | 11 | 33 |
| II | 13 | 22 |
| O/20 A | 3 | 13 |
| O/20 B | 16 | 24 |
| **DAMESHOKKIE** | | |
| I | 0 | 4 |
| II | 1 | 0 |
| III | 0 | 0 |
| IV | 0 | 0 |
| **RUGBY** | | |
| I | 11 | 12 |
| II | 3 | 9 |
| O/20 A | 26 | 16 |
| **Gholf** | 3-1/4 | 4-1/2 |
| **TENNIS** | | |
| Mans | 3 | 6 |
| Dames | 4 | 5 |
| **MUURBAL** | | |
| Mans I | 2 | 3 |
| Mans II | 1 | 4 |
| Dames I | 2 | 3 |
| Dames II | 2 | 3 |
| **JUDO** | | |
| Mans | 6 | 0 |
| **GIMNASTIEK** | | |
| Mans | 211 | 131 |
| Dames | 131-1/2 | 105-1/2 |
| **TAFELTENNIS** | | |
| Mans I | 3 | 7 |
| Mans II | 3 | 8 |
| Dames I | 4 | 6 |
| **SKERM** | | |
| Mans | 11 | 39 |
| Dames | 8 | 8 |
| **KARATé** | | |
| Individuele Kata Mans | 36 | 34 |
| Individuele Kata Dames | 36 | 34,4 |
| Mans Kata | 18,2 | 17.7 |
| Mans Kumité | 13 | 7 |
| Dames Kata | 17,6 | 17,1 |
| **PLUIMBAL** | | |
| Mans | 2 | 12 |
| Dames | 2 | 12 |
| **KANOVAART** | 98 | 121 |
| **SOKKER** | | |
| Eerstespan | 1 | 5 |
| Tweedespan | 3 | 0 |
| **LANDLOOP** | | |
| Mans | 39(wen) | 40 |
| Dames gekanselleer | | |
| **HOKKIE** | | |
| Mans I | 0 | 9 |
| Mans II | 1 | 3 |
| **TRAPKAR** | 20 | 6 |
| **JUKSKEI** | | |
| Eerstespan | 33-1/2 | 26-1/2 |
| Tweedespan | 33-1/2 | 26-1/2 |
| **PISTOOLSKIET** | 78,2 | 56,3 |

## Puksport verbeter

**DIE Puk-sportspanne het vanjaar beter gevaar teen die Kovsies as in die verlede.**

In die Intervarsity het daar dertig Pukspanne deelgeneem waarvan tien gewen het. In 1980 kon net tien van die 46 Puksportspanne hul opponente wen. Vanjaar was daar 36 Pukspanne en vyftien daarvan het gewen.

Die koshuise het ook beter gevaar. Verlede jaar kon net vyf spanne wen en twee gelykop speel. Vanjaar het twaalf spanne gewen en twee gelykop gespeel.

Veral die rugbyspanne het beter gevaar as in die verlede. Mnr James Stoffberg van die Sportburo sê as mens in ag neem dat Kovsies se rugby in die A-afdeling is en Puk-rugby in die B-afdeling, het die Puk goed gevaar.



● *Barend Ostendorf van Caput trap vir 'n tweede plek tydens die Intervarsity wedren. Hombré het die wedren gewen met Caput se Bokkie in die tweede plek.*

# Koshuise beter as in verlede

### DAMESHOKKIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wanda I | 3 | Roosmaryn | 3 |
| Vergeet-my-nie | 1 | Hobhouse | 2 |
| Karlien | 1 | Wag-'n-Bietjie | 0 |
| Wag-'n-Bietjie | 2 | Idahlia | 1 |
| Heide | 2 | Van der Merwe | 0 |
| Klawerhof | 1 | Vergeet-my-nie | 0 |
| Dinki | 1 | Akasia | 1 |
| Kasteel | 0 | Soetdorings | 1 |
| Oosterhof I | 0 | Welwitchia | 2 |
| Wanda/Oosterhof | 1 | Kestell | 0 |

### NETBAL

| | | | |
|---|---|---|---|
| Karlien | 5 | Roosmaryn | 17 |
| Wanda | 21 | Akasia | 14 |
| Klawerhof | 10 | Van der Merwe I | 19 |
| Heide | 17 | Soetdorings | 18 |
| Vergeet-my-nie | 20 | Madelief | 7 |
| Kasteel | 13 | Van der Merwe II | 18 |
| Oosterhof | 6 | Wag-'n-Bietjie | 16 |
| Karlien II | 6 | Idahlia I | 7 |
| Dinki I | 7 | Sonnedou | 14 |
| Dinki II | 5 | Welwitchia I | 20 |
| Vergeet-my-nie II | 6 | Vergeet-my-nie II | 14 |
| Wag-'n-Bietjie | 9 | Kestell | 16 |
| Wanda II | 6 | Roosmaryn II | 8 |
| Kasteel II | 10 | Steyn II | 18 |

### RUGBY

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dawie Dup II | 0 | Reitz II | 3 |
| Caput I | 10 | Vishuis I | 0 |
| Hombré I | 10 | Olienhout I | 0 |
| Over de Voor I | 0 | Hertzog I | 18 |
| Amajuba I | 6 | Malherbe I | 12 |
| Villagers II | 4 | De Wet I | 10 |
| Dawie Dup I | 4 | Reitz I | 20 |
| Klooster I | — | Veritas | |
| Villagers I | — | Verwoerd I | 9 |
| PU O/20 B | 10 | Karee I | 3 |
| Amajuba II | 0 | Medies | 11 |
| Caput II | 7 | Heldersig I | 10 |
| Hombré II | 28 | Karee II | 6 |
| Over de Voor II | 6 | Verwoerd II | 11 |
| Klooster II | 3 | Kiepersol I | |